

## 25 Julie - MAN

**Skrifgedeelte: Genesis 2:4-25 (OAV)**

**Fokusgedeelte: Genesis 2:24**

In Genesis 2:24 het God die boustene van die huwelik tussen man en vrou uitgespel. *“Daarom sal die man sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef. En hulle sal een vlees wees.”*

**Die man sal sy vader en moeder verlaat.** Die man se band met sy ouers verander. Die man verbind hom nou ten volle aan sy vrou. En die vrou se volle verbintenis is aan haar man. Die man stig 'n nuwe huis waarvoor hy verantwoordelik is. Die ouers en geen ander verhoudings mag tussen die man en sy vrou inkom nie.

**Die man sal sy vrou aankleef.** Die letterlike betekenis van die woord “aankleef” is om aan mekaar vasgekleef, geplak te wees, soos 'n mens twee stukke papier met gom aan mekaar plak. As jy probeer om die twee stukke papier van mekaar te skei, dan skeur beide stukke. As jy 'n man en sy vrou van mekaar skei, dan word beide seergemaak.

**En hulle sal een vlees wees.** Om een vlees te wees, beteken egter meer as slegs die liggaamlike eenheid. Dit beteken dat man en vrou alles wat hulle het met die ander deel. Man en vrou word volkome een met liggaam, siel en gees terwyl hulle tog twee onderskeie persone bly.

Die huwelik is nie net 'n tydelike binding tussen 'n man en 'n vrou nie. Dit is oorspronklik deur God ingestel as 'n lewenslange verbintenis tussen 'n man en 'n vrou. In Matteus 19:6 dui Christus die oorspronklike bedoeling van God met die huwelik aan as Hy sê: *“Wat God dan saamgevoeg het, mag geen mens skei nie.”*

Die huwelik as instelling van God word in die moderne lewe van vandag beskou as 'n blote formaliteit waarvan wegbeweeg moet word. Mense sê dat die kerk wat so sterk staan op die huwelik as 'n instelling van God, sal moet aanpas by die tyd waarin ons leef. Daarom moet daar na saamwoon gekyk word as 'n alternatief vir die huwelik.

As gelowiges kan ons egter nie anders as om voor die Woord van die Here te buig nie. Kom ons dien die Here elke dag as man en vrou in ons huwelikslewe, en erken dat die Here die huwelik ingestel het sodat daar 'n ordelike en gebalanseerde samelewing kan wees.

*Sing: Psalm 119:7 (1936-beryming)*

*Ds AF Berg (Bothaville)*